

CORONAVIRUS-SIEKTE 2019


(COVID-19)

WAT IS CORONAVIRUS-SIEKTE 2019?

Coronaviruse is groot groepe virusse wat algemeen onder diere voorkom. Dit kan mense siek maak met geringe tot matige boonstelugwiesiekte soortgelyk aan 'n gewone verkoue. COVID-19 is 'n nuwe coronavirus wat in China geïdentifiseer is. Dit word met 'n uitbreking van longontsteking geassosieer.

SIMPTOME

Die volledige kliniese prentjie van COVID-19 is nie duidelik nie maar simptome sluit in matige tot ernstige lugwiesiekte met koors, hoes, moeilik asemhaal en 'n seer keel.




MAATREËLS GETREF

- koorsifting by plekke van binnekoms in die land
- prosedures vir vinnige diagnose en gevalbevestiging, isolasie en bestuur van gevalle
- gesondheidsfasiliteite gereed om vermoedelike of bevestigde gevalle te bestuur en gepas te verwys, en
- opvolg van bevestigde gevalle se kontakpersone om te verseker die virus versprei nie

VOORKOMING



WAS DIKWELS JOU HANDE.



PROBEER OM NIE MET ONGEWASTE HANDE AAN IETS TE VAT NIE.



VERMY NABYE KONTAK MET BESMETTE PERSONE.



BEDEK JOU HOES OF NIES MET 'N SNEESDOEKIE EN GOOI DIT DAARNA WEG.

As jy effens siek is, drink baie vloeistof, bly tuis en rus.

Kontak die 24/7-blitslyn by
021 928 4102.

Vir nog inligting gaan na
www.capetown.gov.za/coronavirus

HOE VERSPREI DIT?

Dit versprei in die lug wanneer 'n besmette persoon hoes of nies, en deur nabye kontak soos aanraak of hand skud en aan voorwerpe of oppervlakke te raak waarop die virus is en daarná aan jou mond, neus of oë te vat voordat jy jou hande was.



WIE LOOP RISIKO OM ERNSTIG SIEK TE RAAK?

Hoewel ons nog steeds meer te wete kom oor hoe COVID-19 mense affekteer, lyk dit of ouer mense en dié met reeds bestaande mediese toestande (soos hoë bloeddruk, hart- of longsiekte, kanker of diabetes) meer dikwels as ander ernstig siek raak.

BEHANDELING

Op die oomblik is daar geen entstowwe teen COVID-19 beskikbaar nie.

Behandeling is ondersteunend, bv. suurstof vir kortasem of behandeling teen koors. Antibiotika behandel nie virale infeksies nie maar kan gebruik word as sekondêre bakteriële infeksies ontwikkel.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.